# Presidente 2012 - Klipdraai



Die Presidente-saamtrek is Vrydagoggend amptelik geopen deur Nico Spaumer, SAWA-President. Hy het die feit dat SAWA na 43 jaar nog van krag tot krag gaan onder andere daaraan toegeskryf dat die organisaie nooit sy Hemelse Vader by die huis gelos het wanneer in die natuur ontspan word nie. Hy het lede uitgenooi na nasionale byeenkomste soos die wintersaamtrek in Junie, kongres wat vanjaar op Hartenbos gehou word en saamtrek in Oktober by Malonjeni. Daar sal vooraf senior burgersaamtrekke plaasvind.





Ds Thomas Dreyer (Hervormde Kerk, Wapadrant gemeente) het die eredienste en boekevatgeleenthede behartig. Sy tema vir die naweek se boodskappe was “Navolgers van Christus” en het daarmee reg laat geskied aan die Paasgebeure wat die naweek herdenk is. (Links is hy saam met sy vrou, Veronica). Die dankofferbydrae van meer as R6400 word vir Bybelverspreiding beskikbaar gestel.

(Regs is Carien Malan wat die Paasfees met blomme uitgebeeld het)



Die kermis Saterdag was soos gewoonlik ‘n miernes van bedrywighede en daar is lekker gekuier. Die stalletjie-verkope, wynveiling, lootjies, kaskarinskrywings en donasies het bykans R58 000 opgelewer.
Daar was ‘n uitstalling van ingevoerde woonwaens en kamptoerusting terwyl daar ook geleentheid was om brandblussers te laat diens.





Saterdagaand is lekker saamgebraai en gekuier terwyl gaskunstenaars opgetree het.  Veral Dusty Dixon (links) het hom goed van sy taak gekwyt en die groot gehoor het enduit na sy uitstekende vermaaklikheidsprogram geluister en vir nog gevra.

Streek Bronberg het die trofee ontvang vir beste % bywoning by die Presidente.



Die kampkommandante (Noord-Vrystaat) het hulle goed van hulle taak gekwyt.  Hulle moes bontstaan om uiteindelik 244 woonwaens te ontvang en van 'n staanplek te voorsien.  Die oordbestuur het hulle tevredenheid uitgespreek toe die terrein na afloop van die saamtrek in 'n baie netjiese toestand gelaat is.  Streek Vaalrivier sal volgende jaar as kampkommandante optree.



Berig deur Johann Lemmer

Sawa bedank graag die borge vir hul ondersteuning by die Presidente:

- Jurgens CI
- Pretoria Woonwaens
- Kempton Caravans
- Sunseeker Vaal
- Auto Clinic
- Bobo Campers
- Parasol
- Fiamma
- Vaalrivier Streek
- Gebied Vaaldriehoek
- Distillers
- Du Toits Kloof Kelders
- Andre Procurement Services
- Just Water
- Dos-Air